**Saterdag 20 Augustus**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:29-36; HK, Sondag 18**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:33**

## Hou die oë op Christus

Baie mense verstaan nie die betekenis van die hemelvaart van Christus nie, en daarom is hulle ook onbekend met die seën wat dit vir hulle inhou. Hulle leef só intens en voluit vir hierdie wêreld dat die hemelvaart van Jesus Christus vir hulle 'n onwerklikheid is.

Die ware gelowiges sien dit anders. Hulle woon en werk hier op aarde, hulle vervul hulle taak en roeping hier, maar hulle doen dit met die verlange na die hemelse vaderland, die hemelse woning waar God se heerlikheid en majesteit die brandpunt is.

Die hemelvaart is 'n feit. Jesus Christus is op die Olyfberg, voor die oë van sy dissipels na die hemel opgeneem (Hand. 1:9; HK 18:6). In die hemel sit Hy aan die regterhand van God, die ereplek (Ps. 110:1). By God die Vader is Hy ons Voorspraak (HK 18:49), dit beteken dat Hy voortdurend soos 'n advokaat vir by ons hemelse Vader intree (Rom. 8:34; 1 Joh. 2:1). Hy pleit vir ons op grond van sy offerande aan die kruis, sy bloedstorting.

Sy hemelvaart hou ook in dat Hy sy Heilige Gees in sy plek stuur (HK 18:49). Die Gees waarborg en verseker ons ook dat Jesus nou vir ons plek by sy Vader berei. Die Gees rig verder ons aandag op wat daar bo is. Ons aandag word deur die Gees gevestig op die dinge wat by Christus is (Kol. 3:1). As nuwe mense, gedrewe deur die Heilige Gees, kan ons nie anders nie as om ons oë op Christus te hou.

Hou dan vandag aan dié waarheid vas: Jesus Christus het opgevaar, en ons het deur sy Gees daaraan deel.

*Sing: Skrifberyming 10:1-5*

*Dr. F (Frans) Minnie (Pastorale Berader, Cachet)*